



# Geestelike Dissiplines:

29 Oktober - 19 November 2018

**DIE UITERLIKE DISSIPLINES VAN:**  
Eenvoud, Afsondering, Onderdanigheid  
en Diensbaarheid.

# INHOUDSOPGAWE

<b>LES</b>	<b>LESTEMA</b>	<b>WEEK VAN</b>	<b>BLADSY</b>
<b>1</b>	<i>Die Uiterlike Dissipline van Eenvoud</i>	<b>29 Oktober</b>	<b>5</b>
<b>2</b>	<i>Die Uiterlike Dissipline van Afsondering</i>	<b>5 November</b>	<b>11</b>
<b>3</b>	<i>Die Uiterlike Dissipline van Onderdanigheid</i>	<b>12 November</b>	<b>15</b>
<b>4</b>	<i>Die Uiterlike Dissipline van Diensbaarheid</i>	<b>19 November</b>	<b>19</b>

## GEESTELIKE DISSIPLINES

Uittreksel uit *Celebration of Discipline* deur Richard Foster:

*Superficiality is the curse of our age. The doctrine of instant satisfaction is a primary spiritual problem. The desperate need today is not for a greater number of intelligent people, or gifted people, but for deep people. The classical Disciplines of the spiritual life call us to move beyond surface living into the depths. They invite us to explore the inner caverns of the spiritual realm. They urge us to be the answer to a hollow world. John Woolman counsels, "It is good for thee to dwell deep, that thou mayest feel and understand the spirits of people."*

*We must not be led to believe that the Disciplines are only for spiritual giants and hence beyond our reach, or only for contemplatives who devote all their time to prayer and meditation. Far from it. God intends the Disciplines of the spiritual life to be for ordinary human beings: people who have jobs, who care for children, who wash dishes and mow lawns. In fact, the Disciplines are best exercised in the midst of our relationships with our husband or wife, our brothers and sisters, our friends and neighbors.*

*Neither should we think of the Spiritual Disciplines as some dull drudgery aimed at exterminating laughter from the face of the earth. Joy is the keynote of all the Disciplines. The purpose of the Disciplines is liberation from the stifling slavery to selfinterest and fear. When the inner spirit is liberated from all that weighs it down, it can hardly be described as dull drudgery. Singing, dancing, even shouting characterize the Disciplines of the spiritual life.*

Gedurende die volgende tydperk gaan ons saam kyk na 'n klompie Klassieke Dissiplines. Nie klassieke dissiplines in die sin dat dit antiek is nie (Alhoewel hulle deur opregte mense regdeur die eeue heen beoefen is), maar eerder dat hulle sentraal staan om Christenskap te ervaar.

Daar is twee boeke wat ons regtig kan aanbeveel om as aanvulling tot hierdie materiaal te lees. **Richard Foster – Celebration of Discipline** en **Dallas Willard – The Spirit of the Disciplines**. Die materiaal wat ons verskaf is om groepbespreking aan te wakker rondom elke dissipline en die boeke genoem hier bo sal van groot hulp wees in jou journey deur die Geestelike Dissiplines om nader aan God te beweeg.

Uit die staanspoor uit wil ek graag 'n woord van versigtigheid noem. Hier gaan ek ook 'n gedeelte aanhaal uit “*Celebration of Discipline*”:

*One word of caution, however, must be given at the outset: to know the mechanics does not mean that we are practicing the Disciplines. The Spiritual Disciplines are an inward and spiritual reality, and the inner attitude of the heart is far more crucial than the mechanics for coming into the reality of the spiritual life. In our enthusiasm to practice the Disciplines, we may fail to practice discipline. The life that is pleasing to God is not a series of religious duties. We have only one thing to do, namely, to experience a life of relationship and intimacy with God, “the Father of lights with whom there is no variation or shadow due to change” (James 1:17).*

## Die Uiterlike Dissipline van Eenvoud (*Simplicity*)

---

### A. YSBREKER

As jou huis besig is om af te brand, watter drie items sal jy probeer red?

### B. AANBIDDING

*God maak ons nou deel van sy koninkryk wat vir altyd daar sal wees. Daaroor moet ons oorloop van dankbaarheid. Laat ons Hom dien met eerbied en al die respek wat Hy verdien en laat ons besef hoe klein ons regtig in vergelyking met Hom is...*

*Hebreërs 12:28 – NLV*

Gebruik hierdie tyd van aanbidding om op God se teenwoordigheid te fokus en jou liefde vir Hom uit te druk deur middel van lofprijsing en aanbidding.

- *Eie keuse of julle kan ook ons speellys gebruik deur die volgende skakel:*

[https://www.youtube.com/playlist?list=PLzDs0za9FoeTC\\_IrRgrF3IAjSfwubW\\_Sck](https://www.youtube.com/playlist?list=PLzDs0za9FoeTC_IrRgrF3IAjSfwubW_Sck)

### C. WOORD

- *Vir verdere gesprek en ondersoek in die Geestelike Dissiplines, kan die volgende boeke aanbeveel word:  
Richard Foster – *Celebration of Discipline* en Dallas Willard – *The Spirit of the Disciplines*.*
- *Lees die bespreking en Skrifgedeeltes hardop voor of dit kan in die voorafgaande week deur elkeen op sy eie gelees word om tyd te spaar. Gee genoeg tyd om die inhoud in te neem en te “verteer”. Werk daarna deur die vrae, en laat die vrae julle lei in die gesprek. Vermoed dit om puntsgewys ‘n “eers die vraag en dan die antwoord” gesprek te hê. Dit moenie voel soos ‘n skool klaskamer nie...*
- *Moedig groeplede aan om die vrae met “ek ...”-stellings te beantwoord – nie vae veralgemenings soos “ons/hulle/mens ...” nie.*

## 1. Skrifgedeeltes en bespreking

Eenvoud ly na vryheid terwyl valsheid weer ly na 'n tipe van slawerny. Eenvoud bring vreugde en balans, terwyl valsheid angs en vrees bring. Prediker 7:29 sê juis: *“Die één ding wat ek wel uitgevind het, is dit: God het die mense goed en opreg gemaak, maar hulle het allerlei slimighede gesoek”*. Die Christelike Dissipline van eenvoud (*Simplicity*), is 'n innerlike realiteit wat uiting gee aan 'n uiterlike leefstyl. Beide hierdie innerlike en uiterlike aspekte van eenvoud in ons lewens is belangrik en ons maak 'n fout as ons dink dat ons eenvoud slegs innerlik kan beleef, sonder dat dit 'n beduidende invloed het op die manier waarop ons leef. Maar, wanneer ons eenvoud só deel maak van ons innerlike wese, begin ons gesprekke meer eerlik en waar word. Hierdie alewige gejaag na status en posisie is weg omdat ons dit nie meer nodig het nie. Ons het nie meer nodig om te *“keeping up with Jones”* nie. Nie omdat ons dit nie kan bekostig nie, maar op gronde van ons beginsels.

Die moderne wêreld en kultuur van vandag hou meeste mense gevange in 'n doolhoof waar hulle, soms onbewustelik, meeding om wie die “meeste” het. Een oomblik maak ons besluite gegrond op gesonde redenasies en denke, en die volgende oomblik maak ons besluite omdat ons bang is wat ander mense van ons gaan dink! Daar is nie hierdie fokus en eenheid waarom ons lewens sentreer nie. Richard Foster skryf: *“Because we lack a divine Center our need for security has led us into an insane attachment to things”*

### Vrae:

1. Ons almal het al hierdie gehoor: *“ We buy things we do not want to impress people we do not like”*. Dink jy daar is waarheid in hierdie stelling?

Lees die volgende Skrifgedeeltes en kyk daarna na die vrae wat volg.

**Levitikus 25:23 (NLV)** - *“Onthou dat die land nooit op 'n permanente basis verkoop mag word nie, want eintlik behoort die land aan My. Julle is eintlik net vreemdelinge en huurders wat by My bly.”*

**Psalms 62:11 (NLV)** - *“...En as jou rykdom vermeerder, moenie dat jou lewe daarom draai nie.*



**Eksodus 20:17 (NLV)** - “Jy moenie afgunstig raak op ’n ander se eiendom nie. Jy moenie sy vrou, sy manlike of vroulike werkers, sy beeste of sy donkies of enigiets wat hy besit vir jouself begeer nie.”

**Spreuke 11:28 (AOV)** - Wie op sy rykdom vertrou, dié sal val; maar die regverdiges sal soos blare uitspruit.

**Lukas 16:13 (AOV)** - Geen huiskneg kan twee here dien nie; want hy sal òf die een haat en die ander een liefhê, òf die een aanhang en die ander een verag. Julle kan nie God én Mammon dien nie.

**Lukas 6:20 (AOV)** - Toe slaan Hy sy oë op oor sy dissipels en sê: Salig is julle, armes, want aan julle behoort die koninkryk van God.

**Lukas 6:24 (AOV)** - Maar wee julle, rykes, want julle het jul troos weg.

**Matteus 19:16-23 (NLV)** - Iemand het na Jesus toe gekom met die vraag: “Leermeester, watter goeie ding moet ek doen om die ewige lewe te ontvang?” Hy het vir hom gesê: “Waarom vra jy My uit oor wat goed is? Net God is werklik goed. Maar om jou vraag te beantwoord – jy kan die ewige lewe verkry deur die gebooi te onderhou.”

Hy vra vir Jesus: “Watter gebooi?”

Jesus het geantwoord: “Jy mag nie moord pleeg nie. Jy mag nie ontrou wees in jou huwelik nie; jy mag nie steel nie; jy mag nie onwaar getuienis aflê nie; respekteer jou pa en ma; jy moet jou naaste liefhê soos jouself.”

“Ek het al hierdie gebooi nagekom,” antwoord die jong man, “wat moet ek nóg doen?”

Jesus het hom geantwoord: “As jy volmaak wil wees, gaan verkoop alles wat jy het, en gee die geld vir die armes. Dan sal jy ’n skat in die hemel hê. Kom dan en word my dissipel.”

*Toe die jong man dít hoor, het hy geskok weggegaan, want hy het baie besittings gehad.*

*Jesus het toe vir sy dissipels gesê: “Ek verseker julle dit is bitter moeilik vir ’n ryke om in God se koninkryk in te gaan. Ek wil dit beklemtoon, dit is makliker vir ’n kameel om deur ’n naald se oog te gaan as wat dit vir ’n ryke is om in God se koninkryk in te gaan.”*

**Lukas 12:13-21 (NLV)** - *Toe het iemand uit die skare geroep: “Leermeester, sê asseblief vir my broer om ons pa se boedel met my te deel.”*

*Jesus het geantwoord: “Vriend, wie het My as regter oor julle aangestel om oor sulke dinge te besluit?” Toe het Hy gesê: “Pas op! Moenie gierig wees nie. Ware lewe word nie gemeet aan hoeveel ons besit nie.”*

*Toe vertel Hy ’n gelykenis: “’n Ryk man het ’n vrugbare plaas besit wat goeie oeste opgelewer het. Hy het toe by homself gewonder: ‘Wat moet ek doen? Ek het nie meer stoorplek vir die oes oor nie.’ Hy het toe gesê: ‘Ek weet! Ek sal my skure afbreek en groter skure bou. Dan sal ek genoeg plek hê om alles te berg. En ek sal terugsit en vir myself sê: Jou gelukkige kêrel! Jy het genoeg gebêre vir die jare wat voorlê. Ontspan nou! Eet, drink en wees vrolik!’*

*“Maar God het vir hom gesê: ‘Jou dwaas! Vannag nog sal jy sterf. En alles wat jy bymekaargemaak het, wie sal dit kry?’*

*“Ja, ’n mens is ’n dwaas as jy net aardse rykdom versamel, maar nie ’n ryk verhouding met God het nie.”*

**Matteus 13:45-46 (NLV)** - *“God se koninkryk is ook soos ’n pêrelhandelaar op soek na mooi pêrels. As hy een baie kosbare pêrel raakloop, gaan verkoop hy alles wat hy het, en koop daardie pêrel.”*

**1 Timoteus 6:9-10 (NLV)** - *Maar mense wat begeer om ryk te wees, val in versoeking en trap in die strik van baie dwase en skadelike begeertes wat hulle in die verderf en ondergang stort. Want die liefde vir geld is die wortel van alle soorte kwaad. En*



*sommige mense wat geld begeer, het weggedwaal van die geloof en hulleself met baie ellende deurboor.*

**Vrae:**

2. Hierdie is slegs enkele tekste wat handel oor ekonomie, geld, besittings ens. Hoekom dink jy praat Jesus meer hieroor as oor enige ander sosiale kwessie?
3. Dink jy dat God wil hê ons genoegsame materiële voorsiening moet geniet? Verduidelik. Kyk ook na Deuteronomium 8:7-9 en Deuteronomium 8:17
4. Dink jy dit is moeilik of maklik om eenvoud in jou lewe in te bring? Hoekom?

Lees die volgende Skrifgedeelte:

**Matthéüs 6:25-33 (AOV)** - *Daarom sê Ek vir julle: Moenie julle kwel oor jul lewe — wat julle sal eet en wat julle sal drink nie; of oor jul liggaam — wat julle sal aantrek nie. Is die lewe nie meer as die voedsel en die liggaam as die klere nie?*

*Kyk na die voëls van die hemel; hulle saai nie en hulle maai nie en hulle bring nie bymekaar in skure nie, en tog voed julle hemelse Vader hulle. Is julle nie baie meer werd as hulle nie?*

*Wie tog onder julle kan, deur hom te kwel, een el by sy lengte voeg?*

*En wat kwel julle jul oor klere? Let op die lelies van die veld, hoe hulle groei; hulle arbei nie en hulle spin nie; en Ek sê vir julle dat selfs Salomo in al sy heerlijkheid nie bekleed was soos een van hulle nie.*

*As God dan die gras van die veld, wat vandag daar is en môre in 'n oond gegooi word, so beklee, hoeveel te meer vir julle, kleingelowiges?*

*Daarom moet julle jul nie kwel en sê: Wat sal ons eet, of wat sal ons drink, of wat sal ons aantrek nie?*

*Want na al hierdie dinge soek die heidene; want julle hemelse Vader weet dat julle al hierdie dinge nodig het.*

*Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.*

5. Wat dink jy is die sentrale punt van die Dissipline van eenvoud?

6. Wat beteken dit vir jou as Jesus sê:” *Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.*” Hoe soek jy God se koninkryk **eerste**?

Dit is moontlik vir ‘n persoon om ‘n uiterlike leefstyl van eenvoud te openbaar maar steeds gevul te wees met angstigheid. Net so bring rykdom ook nie vryheid van angstigheid nie.

Om vry te wees van angstigheid in ons lewe, word gekenmerk deur drie innerlike benaderings. Foster stel dit só:

---

If what we have we receive as a gift, and if what we have is to be cared for by God, and if what we have is available to others, then we will possess freedom from anxiety.

Richard Foster – Celebration of Discipline

---

7. Bespreek hoe, deur eerste die koninkryk van God en sy geregtigheid te soek, asook hierdie 3 benaderings soos bo genoem deur Richard Foster, jou lewe kan kenmerk en verander?

### **Nog enkele ander tekste oor Eenvoud:**

Prediker 5:10-11; Filippense 4:11-13; Kolossense 3:1-2; Hebreërs 12:1-3; Openbaring 3:17

## **2. Oefening van die week**

*Ontvang die nuwe oefening vir die komende week.*

Eenvoud kan nie innerlik ‘n realiteit wees totdat daar nie ‘n uiterlike uitdrukking daarvan is nie. Neem hierdie week en bespreek die volgende beginsels in jou gesin en hoe dit eenvoud in julle lewens kan bevorder. Dit word ook in meer besonderhede bespreek op bladsye 89-95 in *Celebration of Discipline*.

- 1) Koop goedere vir hulle bruikbaarheid eerder as vir hulle status.

- 2) Verwerp enige iets wat 'n verslawing veroorsaak. Bv Alkohol, gaskoeldranke, sjokolade, media ens. Eenvoud is om vry te wees. Nie om die slaaf van iets te wees nie.
- 3) Kweek 'n gewoonte om dinge weg te gee.
- 4) Weier om toe te gee om altyd die nuutste *gadget* te moet hê.
- 5) Leer om dinge te geniet sonder om dit te besit. Geniet die strand sonder om te voel jy moet 'n plekkie daar koop. Geniet parke en biblioteke.
- 6) Ontwikkel 'n dieper waardering vir die skepping. Loop wanneer jy kan. Luister na die voëls. Ruik aan die blomme. Eenvoud is ook om weer te ontdek:  
*“ die aarde behoort aan die Here, met alles wat daarop is, die wêreld en alles wat daarop lewe” – Psalm 24:1*
- 7) Kyk met gesonde skeptisisme na alle “koop nou, betaal later” skemas.
- 8) Gehoorsaam Jesus se instruksies oor eenvoudige en eerlike spraak.  
*Matteus 5:37 - “Sorg dat julle ja altyd ja bly en julle nee altyd nee. Enigeiets meer as dit is uit die bose”*
- 9) Verwerp enige iets wat die onderdrukking van ander veroorsaak.
- 10) Vermy enige iets wat jou aandag aftrek om eerste die koninkryk van God te soek.

### 3. Seëngebed

*Hierdie kan as afsluiting gebruik word.*

*May God give you – and me – the courage, the wisdom, the strength always to hold the kingdom of God as the number one priority of our lives. To do so is to live in simplicity. – Richard Foster*

**5 November 2018**

**Les 2**

## **Die uiterlike dissipline van Afsondering (*Solitude*)**

---

### **A. YSBREKER**

Verkies jy 'n vakansie by die see of vakansie in die berge?

## B. AANBIDDING

*God maak ons nou deel van sy koninkryk wat vir altyd daar sal wees. Daaroor moet ons oorloop van dankbaarheid. Laat ons Hom dien met eerbied en al die respek wat Hy verdien en laat ons beseef hoe klein ons regtig in vergelyking met Hom is...*

*Hebreërs 12:28 – NLV*

Gebruik hierdie tyd van aanbidding om op God se teenwoordigheid te fokus en jou liefde vir Hom uit te druk deur middel van lofprysing en aanbidding.

- *Eie keuse of julle kan ook ons speellys gebruik deur die volgende skakel:*

[https://www.youtube.com/playlist?list=PLzDs0za9FoeTC\\_IrRgrF3IAjSfwubW\\_Sck](https://www.youtube.com/playlist?list=PLzDs0za9FoeTC_IrRgrF3IAjSfwubW_Sck)

## C. WOORD

- *Vir verdere gesprek en ondersoek in die Geestelike Dissiplines, kan die volgende boeke aanbeveel word:  
Richard Foster – Celebration of Discipline en Dallas Willard – The Spirit of the Disciplines.*
- *Lees die bespreking en Skrifgedeeltes hardop voor of dit kan in die voorafgaande week deur elkeen op sy eie gelees word om tyd te spaar. Gee genoeg tyd om die inhoud in te neem en te “verteer”. Werk daarna deur die vrae, en laat die vrae julle lei in die gesprek. Vermoed dit om puntsgewys ‘n “eers die vraag en dan die antwoord” gesprek te hê. Dit moenie voel soos ‘n skool klaskamer nie...*
- *Moedig groeplede aan om die vrae met “ek ...”-stellings te beantwoord – nie vae veralgemenings soos “ons/hulle/mens ...” nie.*

### 1. Skrifgedeeltes en bespreking

In vandag se wêreld is daar soveel invloed wat ons bombardeer. Ons het radio's in ons huise, kantore en voertuie. Ons het toegang tot soveel kanale vir TV, en inhoud wat beskikbaar is deur *streaming* vanaf die internet raak by die dag meer. Voeg nog daarby videospeletjies, by die huis en op ons “slim fone” asook soveel mense se absolute drang om op hoogte te wees van daaglikse nuus via hierdie einste “slim

fone” dan kom jy agter daar is mense, klanke en dinge orals waar jy gaan. Daar is meer tydskrifte, koerante en boeke as wat ons ooit sal kan lees!

### **Vraag:**

1. Waarheen gaan, of, wat doen jy, om net weer bietjie asem te haal as jy een van daardie woeste dae gehad het? Hoekom voel jy dat dit vir jou troos gee?

---

“The spiritual disciplines keep us alert to the presence of God.”

“...the spiritual disciplines are a way of learning to hear again; a way to respond positively to God.” Does it seem that God has been pushed out by the sensory overload from our surroundings?

Dr. Richard Peace

---

Lees die volgende gedeeltes en bespreek die vrae wat volg:

### **Génesis 24:63 (AOV)**

*En Isak het teen die aand uitgegaan om te peins in die veld. En toe hy sy oë opslaan, sien hy meteens kamele aankom.*

### **Lukas 5:15-16 (AOV)**

*Maar die gerug aangaande Hom is nog meer versprei, en groot menigtes het bymekaargekom om te luister en deur Hom van hulle siektes genees te word. Maar Hy het Hom in verlate plekke teruggetrek en gebid.*

### **Lukas 6:12-13 (AOV)**

*EN Hy het in daardie dae uitgegaan na die berg om te bid en die nag in die gebed tot God deurgebring. En toe dit dag geword het, het Hy sy dissipels na Hom geroep en twaalf van hulle uitgekies, wat Hy apostels genoem het.*

### **Vrae:**

2. Hoekom dink jy is daar verwysings soos hierdie in die Evangelies?
3. Dink jy Jesus is versterk gedurende sy tyd op die berg? Indien wel, hoe?

4. Dink jy mense vind dit moeilik in vandag se tyd om “stilte tyd” te kry? Wat is van die dinge wat jy dink mense kan verhoed tot stilte tye?
5. Is dit vir jou moeilik om kwaliteit stilte tyd te kry? Brei bietjie uit op jou antwoord.

---

Silence is the way to make solitude a reality – Henry Nouwen

---

Daar word gesê dat afsondering (solitude) ‘n fundamentele dissipline is. Kan iets werklik geleer word deur alleen tyd te spandeer en tyd te neem in stilte en afsondering?

Richard Foster skryf in Celebration of Discipline: “Loneliness is inner emptiness. Solitude is inner fulfilment, (and it) is more a state of mind and heart than it is a place.”

**Vraag:**

6. Deel bietjie jou gedagtes oor hierdie perspektief van Richard Foster soos bo genoem.

---

Language has created the word ‘loneliness’ to express the pain of being alone, and the word ‘solitude’ to express the glory of being alone. - Paul Tillich

Shut they door upon thee and call to thee Jesus they love; dwell with him in thy cell for thou shalt not find elsewhere so great peace.  
Thomas à Kempis

---

**Nog enkele ander tekste oor Afsondering:**

Psalm 62:6; Markus 1:35; Markus 6:31; Markus 9:2; 1 Timoteus 5:5



## 2. Oefening van die week

*Groepede gee eerlike terugvoer oor hulle suksesse en uitdagings betreffende die oefening van die vorige week.*

*Ontvang die nuwe oefening vir die komende week.*

In die komende weke, skeduleer doelbewus vir jou tyd weg van al die afleidings in jou elke dag doen en late. Skeduleer tye van afsondering.

Gedurende jou tye van gebed, spandeer tyd in stilte om te fokus op God se natuur en wat Hy moontlik vir jou wil sê.

## 3. Seëngebed

*Hierdie kan as die afsluiting gebruik word.*

Don't you feel a tug, a yearning to sink down into the silence and solitude of God? Don't you long for something more? Doesn't every breath crave a deeper, fuller exposure to his Presence? It is the Discipline of solitude that will open the door. You are welcome to come in and "listen to God's speech in his wondrous, terrible, gentle, loving, all-embracing silence"

Richard Foster – Celebration of Discipline

**12 November 2018**

**Les 3**

### ***Die Uiterlike Dissipline van Onderdanigheid (Submission)***

---

#### **A. YSBREKER**

Sal jy eerder alleen op 'n afgeleë eiland gestrand wees of saam met iemand wat jy nie van hou nie?

#### **B. AANBIDDING**

*God maak ons nou deel van sy koninkryk wat vir altyd daar sal wees. Daaroor moet ons oorloop van dankbaarheid. Laat ons Hom dien met eerbied en al die respek wat Hy verdien en laat ons besef hoe klein ons regtig in vergelyking met Hom is...*

*Hebreërs 12:28 – NLV*

Gebruik hierdie tyd van aanbidding om op God se teenwoordigheid te fokus en jou liefde vir Hom uit te druk deur middel van lofprysing en aanbidding.

- *Eie keuse of julle kan ook ons speellys gebruik deur die volgende skakel:*

[https://www.youtube.com/playlist?list=PLzDs0za9FoeTC\\_IrRgrF3IAjSfwubW\\_Sck](https://www.youtube.com/playlist?list=PLzDs0za9FoeTC_IrRgrF3IAjSfwubW_Sck)

## C. WOORD

- *Vir verdere gesprek en ondersoek in die Geestelike Dissiplines, kan die volgende boeke aanbeveel word:  
Richard Foster – Celebration of Discipline en Dallas Willard – The Spirit of the Disciplines.*
- *Lees die bespreking en Skrifgedeeltes hardop voor of dit kan in die voorafgaande week deur elkeen op sy eie gelees word om tyd te spaar. Gee genoeg tyd om die inhoud in te neem en te “verteer”. Werk daarna deur die vrae, en laat die vrae julle lei in die gesprek. Vermoed dit om puntsgewys ‘n “eers die vraag en dan die antwoord” gesprek te hê. Dit moenie voel soos ‘n skool klaskamer nie...*
- *Moedig groeplede aan om die vrae met “ek ...”-stellings te beantwoord – nie vae veralgemenings soos “ons/hulle/mens ...” nie.*

### 1. Skrifgedeeltes en bespreking:

Soos wat ons leer uit die lewe van Jesus Christus, sien ons dat sy gewilligheid om te dien geanker was in sy vertrouwe dat God Hom lief het. Jesus het sterkte en versekering ontvang deur te weet hoe belangrik Hy vir sy Vader is. Hierdie wete van sy Vader se liefde het Hom in staat gestel om mense te dien en het eindelijk vir ons die grootste vorm van onderdanigheid ten toon gestel – Sy dood aan die kruis. Die kruis het sedertdien die simbool van beide onderdanigheid sowel as vryheid geword vir Christene regoor die wêreld.

Regdeur die Bybel leer God ons van onderdanigheid, maar tog is daar so baie verwarring oor wat onderdanigheid is en nie is nie. Sommige voel dat hierdie dissipline hoofsaaklik net van toepassing is op getroude pare en kinders, of op mense met ‘n “laer status”. Gebrekkige lering en verkeerde verstaan oor die

onderwerp van onderdanigheid het soveel manipulasie en onderdrukking van mense regoor die wêreld veroorsaak en eindelijk ook lewens verwoes.

Die dissipline van onderdanigheid, met vryheid as gevolg, is vir alle Christene. Onderdanigheid gaan oor om te herken dat ons God nodig het, ons realistiese erkenning van ons vermoë en ons nederige bereidwilligheid om te dien.

Lees die volgende gedeeltes en bespreek die vrae wat volg:

### **1 Petrus 5:5-7 (NLV)**

*En julle, jong manne, erken die gesag van die ouderlinge. Trouens, almal moet nederig in mekaar se diens staan, want: "God is téén dié wat te veel van hulleself dink, maar dié wat besef hoe afhanklik hulle van Hom is, aan hulle gee Hy sy genade." Word daarom klein onder die kragtige hand van God; op sý tyd sal Hy julle groot maak. Gee al julle bekommernisse aan God oor, want Hy gee vir julle om.*

#### **Vrae:**

1. Wat kom in jou gedagtes op as jy die woord "onderdanigheid" hoor?
2. In jou eie woorde, wat beteken onderdanigheid (Houdings, handeling ens.).  
Wat is onderdanigheid nie?
3. Watter waarde sit ons gemeenskap op onderdanigheid? Hoe verskil dit van God se bedoeling met onderdanigheid?
4. Vers 6 en 7 sê die volgende: *"Word daarom klein onder die kragtige hand van God; op sý tyd sal Hy julle groot maak. Gee al julle bekommernisse aan God oor, want Hy gee vir julle om.*

Hoe lei onderdanigheid aan God ons na vryheid? Het jy al voorheen aan hierdie konsep gedink. Dat onderdanigheid 'n weg na vryheid is? Lees ook Johannes 8:30-36

Lees die volgende gedeeltes en bespreek die vrae wat volg:

## **Filippense 2:1-11 (NLV)**

*Julle is mos deur Christus bemoedig en deur sy liefde getroos! Julle het die gemeenskap beleef wat die Gees bewerk! Julle weet wat omgee en meelewing beteken! Maak my dan nou heeltemal bly deur eensgesind te wees – één in liefde, één in hart en één in doel. Moet niks uit selfsug doen of om daarmee te spog nie. Wees eerder nederig deur van medegelowiges meer te dink as van jouself. Julle moenie net elkeen na sy eie belange omsien nie, maar ook na mekaar se belange. Julle gesindheid moet soos Jesus Christus s'n wees: Alhoewel Hy self God was, het Hy nie vasgeklou aan die Goddelikheid wat Hom toekom nie, maar Hy het dit prysgegee: Hy het 'n slaaf geword en aan mense gelyk geword. En toe Hy as mens geleef het, het Hy Homself nog verder verneder deur tot die dood toe gehoorsaam te wees, ja, tot die kruisdood toe! Daarom het God Hom ook tot die hoogste posisie verhoog en aan Hom die Naam gegee wat belangriker is as elke ander naam. Só sal by die noem van Jesus se heerlike Naam elke knie in die hemel en op die aarde en onder die aarde buig, en elke tong sal bely: "Jesus Christus is Here!" En só sal God die Vader verheerlik word!*

### **Vrae:**

5. Hoe het Jesus die voorbeeld van onderdanigheid en nederigheid gewys en geleef?
6. Lees weer vers 3:" *Moet niks uit selfsug doen of om daarmee te spog nie. Wees eerder nederig deur van medegelowiges meer te dink as van jouself.*"  
Hoekom dink jy heg ons meer waarde daaraan, en soek ons al hoe meer, om eerder aansien te geniet by ons portuur groepe as by God?
7. Hoe dink jy kan jy 'n balans hou om 'n onderdanige en nederige gesindheid te openbaar, en steeds te besef hoe ontsettend waardevol jy in God se oë is?  
Hoekom dink jy is dit so belangrik om daardie balans te hou?

### **Nog enkele ander tekste oor Onderdanigheid:**

Spreuke 6:20-21; Matteus 6:10; Matteus 26:39; Lukas 1:38; Romeine 8:7; Kolossense 3:18-24; Titus 2:9-10; Hebreërs 5:7-9; Jakobus 4:7

## 2. Oefening van die week

*Groepede gee eerlike terugvoer oor hulle suksesse en uitdagings betreffende die oefening van die vorige week.*

*Ontvang die nuwe oefening vir die komende week.*

In jou stiltetyd hierdie week, spandeer bietjie tyd met Efesiërs 5 en 6. Hoe beplan jy om 'n gesonde gees van onderdanigheid te openbaar in jou verhoudings teenoor ander in hierdie volgende week en weke wat volg?

## 3. Seëngebed

*Hierdie kan in die afsluiting ingesluit word*

Mag elkeen die volgende woorde van Jesus as uitnodiging in jou eie lewe sien: *“Jesus het toe vir sy dissipels gesê: ‘As julle my volgelinge wil wees, moet julle julle eie ek prysgee, julle kruis op julle skouers neem, en agter My aan kom. As julle probeer om julle lewe vir julleself te bewaar, sal julle dit verloor. Maar as julle julle lewe ter wille van My prysgee, sal julle ware lewe vind’” – Matteus 16:24-25 (NLV)*

**19 November 2018**

**Les 4**

## ***Die Innerlike Dissipline van Diensbaarheid (Service)***

---

### **A. YSBREKER**

Verkies jy om eerder warm te kry as koud, of eerder koue as warmte?

### **B. AANBIDDING**

*God maak ons nou deel van sy koninkryk wat vir altyd daar sal wees. Daaroor moet ons oorloop van dankbaarheid. Laat ons Hom dien met eerbied en al die respek wat Hy verdien en laat ons besef hoe klein ons regtig in vergelyking met Hom is...  
Hebreërs 12:28 – NLV*

Gebruik hierdie tyd van aanbidding om op God se teenwoordigheid te fokus en jou liefde vir Hom uit te druk deur middel van lofprijsing en aanbidding.

- *Eie keuse of julle kan ook ons speellys gebruik deur die volgende skakel:*  
[https://www.youtube.com/playlist?list=PLzDs0za9FoeTC\\_IrRgrF3IAjSfwubW\\_Sck](https://www.youtube.com/playlist?list=PLzDs0za9FoeTC_IrRgrF3IAjSfwubW_Sck)

## C. WOORD

- *Vir verdere gesprek en ondersoek in die Geestelike Dissiplines, kan die volgende boeke aanbeveel word:*  
*Richard Foster – Celebration of Discipline en Dallas Willard – The Spirit of the Disciplines.*
- *Lees die bespreking en Skrifgedeeltes hardop voor of dit kan in die voorafgaande week deur elkeen op sy eie gelees word om tyd te spaar. Gee genoeg tyd om die inhoud in te neem en te “verteer”. Werk daarna deur die vrae, en laat die vrae julle lei in die gesprek. Vermoed dit om puntsgewys ‘n “eers die vraag en dan die antwoord” gesprek te hê. Dit moenie voel soos ‘n skool klaskamer nie...*
- *Moedig groeplede aan om die vrae met “ek ...”-stellings te beantwoord – nie vae veralgemenings soos “ons/hulle/mens ...” nie.*

### 1. Skrifgedeeltes en bespreking:

#### Inleiding:

Wanneer ons oor die geestelike dissiplines nadink, is die dissipline van diensbaarheid seker die een wat ons die maklikste kan visualiseer. Ten spyte hiervan, is dit dikwels die *gesindheid* waarmee diensbaarheid verrig word, wat nie genoegsame oorweging kry nie. Die geestelike waarde wanneer take van diensbaarheid verrig word, is baie belangrik vir Christene om oor na te dink en te verstaan, omdat dit onder andere die individu se hart en lewe openbaar.

#### Vrae:

1. Beskryf bietjie wat jy sien as “goeie diens” in ‘n winkel of restaurant.
2. Wat beteken dit wanneer ons vir iemand sê: “Practice what you preach”?

Lees die volgende gedeelte en bespreek die vrae wat volg:



## **Markus 10:35-45 (NAV)**

*Jakobus en Johannes, die seuns van Sebedeus, kom toe na Jesus toe en sê vir Hom: "Here, ons wil graag hê U moet vir ons doen wat ons U gaan vra." "Wat wil julle hê moet Ek vir julle doen?" het Hy hulle gevra. Hulle het Hom geantwoord: "Wanneer U as koning heers, laat ons dan langs U sit, die een aan u regterhand en die ander een aan u linkerhand."*

*"Julle weet nie wat julle vra nie," sê Jesus vir hulle. "Kan julle die lydensbeker drink wat Ek drink, of met die doop gedoop word waarmee Ek gedoop word?"*

*"Ons kan," sê hulle vir Hom.*

*Daarop sê Jesus vir hulle: "Die beker wat Ek drink, sal julle drink, ja, en met die doop waarmee Ek gedoop word, sal julle gedoop word. Maar om aan my regter- of my linkerhand te sit, daarvoor besluit Ek nie; dit is vir dié vir wie God dit gereed gemaak het."*

*Toe die tien ander dit hoor, was hulle verontwaardig oor Jakobus en Johannes. Jesus roep hulle toe nader en sê vir hulle: "Julle weet dat dit by die nasies so is dat hulle sogenaamde regeerders oor hulle baasspeel en dat hulle groot manne die mag oor hulle misbruik. Maar by julle moet dit nie so wees nie. Elkeen wat in julle kring groot wil word, moet julle dienaar wees; en elkeen onder julle wat die eerste wil wees, moet julle almal se dienaar wees. Die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie mense."*

### **Vrae:**

3. Hoekom dink jy gebruik Jesus die voorbeeld van 'n dienaar om te wys wie as belangrik geag sal word?
4. Hoekom dink jy koppel God die temas van diensbaarheid en leierskap aan mekaar? Hoe sien jy die verwantskap?

## **Johannes 13:12-16 (NAV)**

*Toe Hy hulle voete klaar gewas en sy bokleed aangetrek het en weer aangesit het, sê Hy vir hulle: "Verstaan julle wat Ek vir julle gedoen het? Julle noem My julle Leermeester en Here, en julle is reg, want Ek is dit. As Ek, wat julle Here en julle Leermeester is, dan julle voete gewas het, behoort julle ook mekaar se voete te was. Ek het vir julle 'n voorbeeld gestel, en soos Ek vir julle gedoen het, moet julle ook doen. Dít verseker Ek julle: 'n Slaaf is nie belangriker as sy eienaar nie, en 'n gesant ook nie belangriker as die een wat hom gestuur het nie.*

## **Vrae:**

5. Alhoewel die dissipels nie wou gehad het dat Jesus hulle voete moet was nie, het Hy dit as 'n fisiese teken van diensbaarheid gedoen. Hoe dien Jesus ons in ons daaglikse lewens?
6. Is daar motiverings, of bedoelings, in diensbaarheid wat afbreek of skade daaraan kan doen?
7. Soms is dit makliker om mense wat ons ken te dien as diegene wat vreemd is vir ons of met wie ons nie gemaklik mee is nie. Hoekom dink jy is dit so?

---

*Service is the overflow which pours from a life filled with love and devotion. But strictly speaking, there is no call to do that. Service is what I bring to the relationship and is the reflection of my identification with the nature of God. Service becomes a natural part of my life. God brings me into the proper relationship with Himself so that I can understand His call, and then I serve Him on my own out of a motivation of absolute love.*

*Oswald Chambers*

---

## **Nog enkele ander tekste oor diensbaarheid:**

Genesis 18:3-7; Psalm 35:27; Spreuke 3:27-28; Lukas 1:48; Johannes 12:26; Efesiërs 6:7; Kolossense 1:23; 1 Timoteus 6:2

## **2. Oefening van die week**

*Groeplede gee eerlike terugvoer oor hulle suksesse en uitdagings betreffende die oefening van die vorige week.*

*Ontvang die nuwe oefening vir die komende week.*

Indien julle as groep nog nie by een van Lewensentrum se 3 Miracles-uitreike op 1, 8 en 15 Desember betrokke is nie, nader biddend hoe hierdie dissipline van

diensbaarheid julle as groep roep om by een van die uitreike betrokke te raak. Indien nie by hierdie uitreike nie, waar kan jy diensbaar wees?

### **3. Seëngebed**

*Hierdie kan in die afsluitingsgebed ingesluit word.*

Here, soos dit u wil is, stuur vandag iemand oor my pad teenoor wie ek diensbaar kan wees. Amen.

*Ons lesse eindig bietjie vroeër in November. Gebruik die laaste 2 weke van November om 'n lekker afsluiting saam as kleingroep te hou. Mag julle en julle geliefdes 'n geseënde Kerstyd beleef en mag 2019 vir julle mooi beloftes inhou.*

## HERDERS:

Ruan Rabie (12-18 jr)

[oorgee@als.org.za](mailto:oorgee@als.org.za)

076 793 0297

Darius van der Schyf (19-25 jr)

[darius@als.org.za](mailto:darius@als.org.za)

072 822 8267

Andries Minnaar (26-35 jr)

[minnaar@als.org.za](mailto:minnaar@als.org.za)

082 463 1645

Francois Fouche (36-44 jr)

[francois@als.org.za](mailto:francois@als.org.za)

063 179 5493

Willie Coetzee (45-53 jr)

[willie@als.org.za](mailto:willie@als.org.za)

083 417 7792

Bertie Nel (54-64 jr)

[bertie@als.org.za](mailto:bertie@als.org.za)

083 696 0668

Herman Coetser (65 jr+)

[herman@als.org.za](mailto:herman@als.org.za)

083 268 7888